# Vooruitsig vir die NWU

Ons het alle studente genooi om na ons kampusse terug te keer. Dit sal in ooreenstemming met die toepaslike regeringsregulasies en inperkingsvlakke bestuur word namate die pandemie die wyk neem.

Die onderrig-leer-aanbieding by die NWU as kontakuniversiteit sal in enige van die volgende drie modaliteite plaasvind:

- aangesig-tot-aangesig-onderrig-leer vir klein groepe (weens die voortgesette bedreiging van Covid-19 en die behoefte aan fisieke distansiëring);
- ŉ aanlyn modaliteit vir kleingroepe om optimale deelname moontlik te maak; en
- lesings wat na groot groepe uitgesaai word, met dosente wat tydens die uitsendings aanlyn beskikbaar is, en wat kontak fasiliteer waar nodig.

Hierdie kombinasie sal verseker dat die universiteit voldoende geleenthede bied vir studente om so goed moontlik te presteer, terwyl ons getrou bly aan ons identiteit as kontak- en afstandsonderriginstansie.

## ŉ Onstabiele omgewing

### Korttermynverwagtinge

Ons het belangrike lesse tydens Covid-19 geleer en het nou ŉ punt van volwassenheid bereik in ons vermoë om op die onsekerhede van die pandemie te reageer.

Wat die universiteit se finansies betref, word ons gelei deur ŉ finansiële risikoverligtingsplan wat in 2021 goedgekeur is.

### Mediumtermverwagtinge

Ons fokus sal wees op kleiner-groep-onderrig-leer in ŉ studentgesentreerde benadering. Dit maak dosentfasilitering en leerondersteunintervensie moontlik, en leer wat selfgerig, selfgedrewe (eie tempo) en samewerkend en koöperatief van aard is.

Studentgesentreerde onderrig demonstreer kurrikulumontwerp wat fokus op fasilitering en demonstrasie eerder as onderrig en oordrag, en wat gemoniteer kan word om leeruitdagings en intervensies te identifiseer om prestasie te ondersteun en te verbeter.

Nog ŉ tendens wat waarskynlik onderrig en leer by die universiteit sal beïnvloed, is die toenemende klem in hoër onderwys wêreldwyd op modaliteite van betrokkenheid, in teenstelling met teenwoordigheid.

Teenwoordigheid behels bewys van teenwoordigheid (aangeteken of sigbaar teenwoordig, in persoon) en kan ŉ vereiste wees vir betrokkenheid, maar is nie ŉ bewys van betrokkenheid en interaksie nie. Dit kan universiteitsbesigheid beïnvloed op tot nog toe onbekende maniere.

### Langtermynverwagtinge

Ons verwag dat onderrig en leer in die toekoms selfgedrewe, selfgerig (eie tempo) en samewerkend sal wees, wat diensleer, werkgeïntegreerde leer en gemeenskapsbetrokkenheid sal insluit.

## Gebruikmaking van geleenthede en die hantering van uitdagings en onsekerhede

Die Covid-19-pandemie het ŉ opvoedkundige waterskeiding verteenwoordig wat hoëronderwysstelsels genoop het om die spreekwoordelike “koring van die kaf” te skei ten opsigte van wat voorheen goed gewerk het en nié goed gewerk het nie, en wat beter werk in terme van teenwoordigheid en betrokkenheid.

Hierdie insigte is gebaseer op dekades van onderwysvakkundigheid, maar is op die voorgrond geplaas as gevolg van die pandemie. Sinchronies aanlyn (in persoon, intyds), asinchronies aanlyn en nie-aanlyn (byvoorbeeld aktiwiteite soos lees en selfstudie), hibried (die kombinasie van in persoon en intydse leer aanlyn) en HyFlex is konsepte wat na vore gekom het om verdere nuanse te verleen aan ŉ reeds lank gevestigde vakkundigheid met betrekking tot vervlegte of multimodale leer.

(HyFlex kombineer die terme “hibried” (hybrid) en “buigsaam” (flexible), en verwys na leer wat komplementêre aangesig-tot-aangesig- [sinchroniese] en aanlyn leer-ervarings [asinchroniese leerervarings] integreer. HyFlex maak dit vir studente moontlik om aanlyn of in persoon deel te neem aan klasse.)

In die lig van die aansienlike uitdagings wat die 2020 en 2021 akademiese jare meegebring het, wat ŉ impak gehad het op die universiteit se vermoë om met bestaande en voornemende studente te skakel, is ŉ reeks proaktiewe strategieë en ondersteuningsprogramme in werking gestel om te verseker dat die studente-ervaring in 2022 waardevol en betekenisvol bly.

Ons het universiteitswye intervensieplanne gemaak om die NWU se 2022-inskrywingsteikens te ondersteun en stel kruisdissiplinêre belanghebberportefeuljes bekend. (Hierdie portefeuljes sal toesien dat aktiwiteite en geleenthede op die holistiese studente-ervaring fokus, en neem kennis van die feit dat studente steeds baie klasse aanlyn bywoon en op verskillende maniere ondersteun moet word.)

# Ons belangrikste teikens en planne vir die toekoms

## Op die kort tot medium termyn

Die volgende is ons belangrikste kort- tot mediumtermyndoelstellings:

- bevorder akademiese toegang vir studente en verbeter studente se akademiese retensie en sukses deur uitnemende akademiese ontwikkelings- en ondersteuningsinisiatiewe;
- stuur 'n sistematiese proses van kurrikulumtransformasie en -vernuwing van stapel om graduandi toe te rus om die uitdagings van die 21ste-eeuse samelewing die hoof te bied;
- vestig, ontwikkel en handhaaf 'n instaatstellende onderrig-leer-omgewing wat belyn is met die Sentrum vir Onderrig en Leer se bedryfsplan en fakulteitgeïntegreerde onderrig- en leerplanne;
- onderhou en verskaf professionele dienste aan die gemeenskap terwyl hulle geleenthede ondersteun en soek om derdegeldstroominkomste vir die universiteit te skep;
- verseker 'n NWU PKM wat responsief, lewensvatbaar en altyd relevant is;
- verseker dat die NWU die indiensneembaarheid van graduandi verbeter deur middel van goed bestuurde en toepaslike werkgeïntegreerde leer- en diensleergeleenthede; en
- skep en handhaaf 'n bevorderlike, volhoubare en ondersteunende omgewing om navorsingsuitnemendheid te bevorder, bou 'n pyplyn van kommersialiseerbare tegnologieë en verhoog die tempo van kommersialisering, en versterk navorsing en innovasie met 'n strategiese fokus op internasionalisering.

## Op die lang termyn

Op die lang termyn wil ons graag die volgende verwesenlik:

- verbeter navorsingsproduktiwiteit deur navorsingsuitnemendheid en globale leierskap,
- skep en handhaaf 'n bevorderlike, volhoubare en ondersteunende omgewing om navorsingsuitnemendheid te bevorder, bou 'n pyplyn van kommersialiseerbare tegnologieë en verhoog die tempo van kommersialisering, en versterk navorsing en innovasie met 'n strategiese fokus op internasionalisering.

# Samevatting

Die beperkings wat ons tydens die Covid-19-pandemie ervaar het, het ons pynlik bewus gemaak van die ongelykhede wat betref die beskikbaarheid van hulpbronne waartoe ons studente toegang gehad het. Dit het gelei tot 'n hernude fokus op die universiteit se studentewaardeproposisie wat ons aan ons studente bied.

Ons het heelwat tyd en energie daaraan bestee om die korporatiewebestuursomgewing binne die Studentelewe-portefeulje te ontwikkel. Ons het 'n aantal beleide, raamwerke en reëls geskep, belyn en verbeter wat die universiteit in staat stel om 'n studente-ervaring aan te bied wat billik is oor kampusse heen en vergelykbaar is met dié van ander toonaangewende universiteite.

Wat die ontwikkeling en effek van die Covid-19-pandemie betref, is ons vol vertroue dat ons in 2022 na 'n meer normale situasie sal kan terugkeer.

Ons is optimisties dat die nasionale inentingsprogram en die voortgesette nakoming van maatreëls om die verspreiding van die virus te beperk, ons in staat sal stel om 'n optimaal genormaliseerde situasie so gou as moontlik te implementeer.

Ons bly egter bedag op dit wat nog met betrekking tot die pandemie kan gebeur in die toekoms, en sal seker maak dat ons gebeurlikheidsplanne gereed is vir implementering indien die pandemie weer opvlam en voorkomende regulasies weer toegepas word.

**Klik op die skakels hieronder om toegang te verkry tot verskeie bylaes tot hierdie verslag.**

- **Bylae 1:** 2021 Prestasiebeoordelingsverslag
- **Bylae 2:** Lys van komiteevergaderings
- **Bylae 3:** Samestelling van komitees
- **Bylae 4:** NWU-risikoregister
- **Bylae 5:** Finansiële Oorsig
- **Bylae 6:** Gekonsolideerde Finansiële State soos op 31 Desember 2021